Seilkuns

" 'n Skip in die hawe is veilig, maar dit is nie waarvoor skepe gebou word nie."
- Grace Murray Hopper

Doelwit: Om die Verkenner se kennis en vaardighede te ontwikkel om 'n seilboot te hanteer.

Weergawe: 2008

Datum: Junie 2008

Begronding

Voortrekkerkode:
9: 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10: 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Wanneer die Verkenner die spesialisasie suksesvol voltooi het, sal hy oor die vaardigheid beskik om homself veilig in 'n seilboot te handhaaf. Die kuns van seil bied aan die Verkenner die vaardigheid om homself in moeilike omstandighede op die water te kan beveilig. In 'n seilboot kom die Verkenner ook nader aan die natuur en sy Skepper en word Christenskap dus ook aangespreek.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	3 dae	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Hierdie spesialisasie kan slegs afgehandel word oor 'n periode wat oor minstens drie dae (24 uur) strek. Die periode hoef nie aaneenlopend te wees nie.		
Toekennings instansie:	Kommando, Gebiedskamp		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Die samestelling en dele van 'n seilboot ken en kan uitwys.

2. 'n Seilboot kan opslaan en gereedmaak vir seil.

3. 'n Booglyn, skuifknoop, agtslag, skootsteek, maswerkslag, vissersknoop en vissersteek kan maak en 'n tou kan terugsplits en beset.

4. Kennis dra van hoe om vanaf die land te vertrek en terug te keer na die wal in verskillende toestande/windrigtings/weerstoestande en dit prakties kan doen.

5. Bekend wees met die volgende seilbewegings en dit kan uitvoer:
   5.1 wend
   5.2 gyp
   5.3 gansvlerk
   5.4 voor die wind seil
   5.5 naby die wind seil
   5.6 dwars met die wind seil.

6. Die vaarreëls ken en kan toepas.

7. Kennis dra van die versorging van 'n seilboot nadat daarmee geseil is.

8. 'n Seilboot kan afslaan en versorg nadat klaar geseil is.

9. Die seile van 'n seilboot kan versorg.

10. Die basiese waterreddingstegnieke ken en kan toepas ten opsigte van man oorboord, verdrinking, hipotermie, sonbrand en hitte-uitputting.

11. In beheer van ’n boot seil vir ten minste een uur waar alle bewegings op water uitgevoer word. (Hierdie moet verkieslik geskied sonder enige instrukteurs aan boord.